Pedagoog se ras-uitspraak lok wyd reaksie uit

Jansen twyfel oor integrasie in skole

Alet Rademeyer

PRETORIA. – Prof. Jonathan Jansen, onderwyskundige, is nie meer seker dat rasse-integrasie in skole 'n goeie ding is nie.

Dié argument van hom in 'n rubriek in The Times het gister wye reaksie ontlok.

Jansen sê hy het te veel skole gesien waar rasse-integrasie die onderrigkultuur vernietig het, veral in voormalige wit werkersklas-skole.

Wanneer dié skole integreer, lok dit nie swart middelklasleerlinge nie, maar eerder werkersklasleerlinge wat in disfunksionele townshipskole was.

Dié leerlinge sou op grond van hul swak akademiese uitslae en disfunksionele gedrag nooit in wit of swart middelklasskole toegelaat gewees het nie, sê Jansen.

Hy beweer as wit werkersklasskole swart leerlinge inneem, is daar kort voor lank 'n krisis en die oorblywende wit leerlinge vlug na naburige wit skole.

Die wit werkersklasskool word dan 'n arm swart skool.

Volgens Jansen gaan dit nie oor integrasie nie, maar oor hoe dit bestuur word en verskillende skoolkulture met mekaar versoen moet word.

Volgens hom het wit middelklasskole dit reggekry om die krisis af te weer deur leerlinge op grond van akademiese uitslae toe te laat en skoolgeld so hoog te maak dat dit armes afskrik.

Hy sê die bedreiging is nie langer rasverdeelde skole nie, maar 'n skoolstelsel wat die rasgeïntegreerde middelklas skei van uiters arm swart kinders wat in disfunksionele skole vasgevang is.

Prof. Johan Beckmann, onderwyskenner aan die Universiteit van Pretoria (UP), sê integrasie breek nie kulture af nie, maar kan tot 'n gebrek aan dissipline en waardes bydra. "In meer as 90% van Suid-Afrika se skole gaan dit baie goed met integrasie. In skole waar dit nie goed gaan nie, is dit omdat integrasie en diversiteit nie goed bestuur word nie."

Hy meen dit is onbillik om aan te voer wit werkersklasskole neem meer kinders uit disfunksionele skole in.

"Baie professionele swart ouers stuur hul kinders na dié skole omdat hulle glo onderrig is hier beter."

Beckmann stem ook nie saam dat wit middelklasskole hoë skoolgeld en akademiese prestasie gebruik om swart leerlinge uit te hou nie.

Prof. Elda de Waal, onderwyskenner van die Noordwes-universiteit, sê armer skole is versigtiger om dissipline af te dwing omdat hulle nie wil aanstoot gee nie.

"Die dilemma is egter as dissipline en waardes verslap word om akkommoderend te wees, buit arrogante leerlinge die situasie uit wat tot ander probleme lei."

Prof. Jan Heystek, onderwyskenner aan die Universiteit van Stellenbosch, sê party werkersklas- en sommige middelklasskole sukkel om akademiese prestasie te handhaaf. "Heelparty skole met meer as 50% swart leerlinge vaar egter baie goed. Om te 'verswart', beteken nie die akademiese peil hoef te daal nie."

Hy meen integrasie is nie meer 'n wit-of-swart-kwessie nie. Dit gaan nou oor 'n klasseverskil waar swart en wit ouers wat dit kan bekostig, hul kinders na duur skole stuur, en armeres met bekostigbare werkersklasskole tevrede moet wees.